

SALIGE LIDWINA VAN SCHIEDAM

14 APRIL

(1380-1433)



Gebore op Palmsondag in die dorpie Schiedam in die graafskap Holland, was sy die enigste meisie uit die dorp se nagwag se gesin van nege kinders. Tydens die kwaai winter van 1395-1396 word sy ernstig siek en daarna sou sy nooit weer haar siekbed kon verlaat nie. Soos haar liggaam al hoe meer verswak het, kon sy haar aandag op haar gebedslewe fokus en het daar 'n merkwaardige diepgaande verhouding tussen haar en haar Here ontstaan. Vir die laaste 19 jaar van haar lewe was die enigste voedsel wat haar liggaam kon inneem die Heilige Kommunie. Mense wat haar besoek het, was diep onder die indruk van God se nabyheid in haar uitgeteerde liggaam in haar armoedige kamertjie. Al hoe meer mense het haar om voorbidding kom vra. Sy het besef dat dit haar roeping was om liggaamlik die pyn van haar Heiland aan die kruis vir die wêreld sigbaar te maak. Sy het nooit oor haar pyn gekla nie, en haar gesig het van hemelse vreugde gestraal wanneer sy met God gepraat het. Besoekers het verklaar dat hulle gemoedsrus en 'n diep vrede by haar nederige siekbed ervaar het. Toe sy in die Paasoktaaf van 1433 sterf was sy die bekendste figuur in die Nederlande – 'n lewende heilige na wie almal om raad en voorspraak gekom het.